# Hoofstuk van die dag: 2 Kronieke 27

> *Jotam het magtig geword, want hy het sy pad reg gehou voor die Here sy God. (2 Kron 27:6)*

Jotam se verhaal word relatief kort in die Bybel weergegee. Al wat die Kronis eintlik oor hom vertel, is dat hy gedoen het

wat reg is in die oë van die Here (vers 2) en sy pad voor die Here reg gehou het (vers 6). Daarom het die Here vir hom gesorg en sy koningskap geseën. Ongelukkig kan dieselfde nie van sy onderdane gesê word nie. Die afgodsdiens was te diep ingegrawe in die land. Atalia se invloed het tot lank ná haar dood voortgeduur, en selfs die vroom konings het gesukkel. Samaria se sweer is ongeneeslik, dit het gesprei tot by Juda en Jerusalem (vgl Miga 1:9).
Dat Jotam, ondanks sy mense se goddeloosheid, die regte pad geloop het, spreek boekdele van sy geloof. Dis relatief maklik om te glo as almal om jou ook glo, maar as die hele wêreld afvallig word, is dit soveel moeiliker om staande te bly. Die fluisterstem van Satan word dan 'n magtige gedruis in jou ore: Almal los die kerk, almal maak wat hulle lus het, hoekom nie jy ook nie?
Moenie ingee nie! God sal jou help deur sy Gees.


## Onlangse Bydraes

- Voorspel tot die sondvloed
- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026